

5. a. Jou onderwyser sal die glasplaat of die kleefplastiek bo die kokende water hou.
b. Wat neem jy waar?
c. Verduidelik jou waarneming.
6. a. Hoe kan jy die water weer na ys verander?
b. Wat word hierdie proses genoem?
7. Gebruik die woorde hieronder om die sinne oor verandering in die toestand van water te voltooi.

Veiligheid



Wees versigtig dat die warm water jou nie brand nie. Laat jou onderwyser die warm water in die kastrol gooi.

hitte | waterdamp | verloor | verdamp | smelt

water | kondenseer | stol | hitte

- a. Ys _____ wanneer dit _____ bykry en vorm _____.
- b. Water _____ wanneer dit hitte bykry en vorm _____.
- c. Waterdamp _____ wanneer dit _____ verloor en vorm water.
- d. Water _____ wanneer dit hitte _____ en vorm ys.

Sleutelbegrippe

Vaste stowwe smelt en word vloeistowwe wanneer hulle verhit word. Wanneer vloeistowwe verhit word, verander hulle na gasse en verdamp. Wanneer gasse afkoel, kondenseer hulle en word vloeistowwe. Vloeistowwe stol en word vaste stowwe wanneer hulle afgekoel word.